# DIE VERSOENINGSLEER VAN ANSELMUS.

Die feit van die versoening is een van die mees fundamentele, die mees sentrale van die christelike godsdiens. Eenstemmig is die getuienis van die Nuwe Testament oor hierdie feit, die werklikheid van die versoening. Die synoptici, Johannes, Paulus, almal spreek daarvan,

maar 'n verklaring van hierdie feit vind ons nergens. Wel word in die Ou Testament gesproke van plaatsvervangend lyding en tree die offer op die voorgrond. Wel word in die Nuwe Testament gebruik gemaak van die beelde van offer, van koop, van rantsoen, van losprys en dergelike. Maar hierdie beelde beskryf die versoening uit die oogpunt van die verlossende resultate ten opsigte van die mens. Ydel is die poging om uit hierdie beelde, wat sien op die resultate in die mensewêreld, 'n transcendente versoeningsleer op te bou. Nergens gee die Heilige Skrif 'n logiese uiteensetting van die causale verband tussen die dood van Christus en onse verlossing al word orals aan daardie dood verlossende waarde toegeskryf. Ons kom by grense, waar die poorte dig val vir ons logies denke. Ons staan voor 'n Godsgeheim. Ons aanvaar, ons geloof, ons aanbid. En die gemeente van Christus getuig jubelend deur al die eeue heen: „Jesus! Uw verzoenend sterven

Blijft het rustpunt van ons hart."

Die groot getal afvalliges, tydens die vervolging van Decius, was aanleiding dat die kerk 'n bepaalde gedragslyn moes vasstel ten opsigte van die weeropname van hierdie afvalliges. Ook ten opsigte van hulle was die genade van God eindeloos. Maar tog was alleen 'n satisfactie, wat bestaan het in die „paenitentia legitima [1]) instaat om die beledigde God weer gunstig te stem teenoor hulle. Hierdie voorstelling is later verbonde met ander elemente, romeinse en germaans-juridiese, en het die hele boetesistem van die kerk gaan beheers. Hiernaas het reeds vroeg in die kerk opgekom die voorstelling, dat die Christen in 'n sekere diensbetrekking tot God staan en dus op „verdienstes" aanspraak kon maak, d.i. handelinge wat bo die verpligtende uitgaan en grond kan wees vir aanspraak op bisondere beloning. Deur hierdie voorstelling is die weg gebaan vir die waardeberekening van elke afsonderlike daad. Of so'n daad verpligtend of bo-verpligtend, dus verdienstelik was, moes in ieder geval vasgestel word. Hierdie casuististiese, atomistiese beskouing van die lewe is 'n grondtrek van die Roomse moraal.

Volgens Harnack [2]) is merkwaardig genoeg, hierdie beskouinge nie toegepas op die werk van Christus nie. Wel word daar dikwels gesproke van die „pretri copiositas mysterii passionis" [3]) maar daar is nog geen teorie oor die wese, die spesifieke waarde en die gevolge van die verlossing deur die kruis van Christus nie. Hieroor is daar nog geen besinning nie. Met 'n beroep op Hebr. 2:14 waar gesê word dat Christus deur sy dood hom wat die mag van die dood het, die duiwel, tot niet sou maak, — het die Griekse teoloë sedert Ireuaeus ± 202 en veral Origenes ± 254 die kruis en opstanding van Christus

---

[1]) Berou of boetedoening soos wettelik voorgeskryf.

[2]) A. Harnack: Dogmengeschichte III Band, Dritte verbesserte u. vermehrte Auflage — J. C. B. Mohr — 1897, p. 356.

[3]) Die oorvloedige rykdom, of prys, of genoegdoening van die lydingsmysterie.

gesien as verbreking van die heerskappy van die dood. Die dood van Christus was 'n losprys deur Hom aan die duiwel betaal om ons van die heerskappy van die dood te bevry.

Al was daar nog geen teorie, geen besinning oor nie, tog was daar, sedert die tyd van Paulus, die eenstemmige getuienis oor die feit dat Christus vir ons gesterf het en ons van die mag van die duiwel bevry het. Ambrosius en Augustinus lê nadruk daarop dat Christus as mens die middelaar was, maar waarom daardie mens wat tegelyk God was, moes ly en sterf word nie uiteengesit nie. Daar word op Hom gewys as voorbeeld van geduldig ly vir die geregtigheid, of daar word eenvoudig bybelse uitsprake aangehaal sonder om op die probleem in te gaan.

En nou tree Anselmus op met sy geskryf: „Cur Deus Homo"? Waarom God mens? Dit is opgestel in die vorm van vrae en antwoorde, 'n vorm wat in die middeleeue meermale gebruik is deur geleerdes om in te dring in die dieptes van 'n onderwerp.

Auselmus is gebore in 1033 te Aosta in Piemont nie ver van Turyn. Van vaders- en moederskant was hy van addellik geslag. Hy was leerling en bewonderaar van Laufrancus en in 1093 sy opvolger as Aartsbisskop van Canterbury, overlede in 1109. Hy was 'n beskeie karakter, 'n man van innige vroomheid en werkelike geestes adel „die Augustinus van sy tyd." Prof. Acquoy noem sy boek: „Een der merkwaardigste geschriften op dogmatisch gebied." Prof. Loofs noem dit: 'n Geneale poging om alle kerkelike dogmas in één sentrale gedagte saam te vat.[4]) Harnack beskou die betekenis van die satisfactieleer van Anselmus soos uiteengeset in sy werk „Cur Deus Homo," hierin geleë, dat hy, met gebruikmaking van alle momente van die Augustiniaanse teologie, sover dit met hierdie onderwerp in verband staan, die eerste teoloog was, wat 'n teorie opgestel het, sowel oor die noodsakelikheid van die verskyning van 'n Godmens as oor die noodsakelikheid van sy dood. Hierby maak hy die grondstellinge van die boetepraktyk van die kerk tot die grondskema van die godsdiens in die algemeen.[5])

Oor die wortels van die satisfactieleer van Anselmus is daar verskil van opvatting. Cremer wil dit aflei uit germaanse regsbeskouinge, terwyl Harnack en Loofs dit aflei uit die kerklike boeteleer.[6])

Die vraag waarom dit in die hele boek van Auselmus gaan is die noodsakelikheid en redelikheid van die menswording en kruis van

---

[4]) Dr. F. Loofs: Handboek der Dogmengeschiedenis. Bewerkt door J. Quast. Hzn. Wolters, Groningen. p. 261.
[5]) Harnack: ibid., p. 357.
[6]) Harnack: ibid., p. 357.
Loofs: ibid., p. 263.

Christus vir onse verlossing.[7]) Uit die redelikheid volg die noodsakelikheid.

Al sou die poging om met die rede die geloof te begryp ook misluk, tog bly die waarheid van die geloof onaantasbaar. As realis gaan Anselmus uit van die stelreël: „Credo ut intelligam" — die geloof gaan aan die insig vooraf. Hy wil nie bewys nie, hy wil wat hy glo, redelik begryp.[8])

Vier beskouinge wys hy af.

1. As ongenoegsaam wys hy af die argument wat berus op die betamelikheid, dat soos deur die ongehoorsaamheid van een mens die dood in die menselik geslag ingetree het, so ook is deur die gehoorsaamheid van een mens die lewe herstel, en, dat soos die sonde, die oorsaak van onse veroordeling sy begin gehad het uit 'n vrou, so is ook die bewerker van onse geregtigheid en van ons heil uit 'n vrou gebore; en dat soos die duiwel die mens oorwin het deur middel van die begeerte na die hout waartoe hy hom verlei het, so word hy deur die mens oorwin deur middel van die lyding aan die hout.[9]) Hierdie vergelykende redenering is mooi en waar, maar die vaste agtergrond ontbreek. Dis as 'n skildery in die lug op 'n wolk. Die redelike vastheid van die waarheid d.i. die noodsakelikheid daarvan word nie aangetoon nie.[10])

2. As onjuis word afgewys die beskouing dat die bevryding van die mens deur 'n ander mens kon geskied. Dan tog sou die bevryde mens, volgens reg, as dienskneg van sy bevryder beskou kon word, en sou hy nie in sy oorspronkelike waardigheid herstel kon word nie, om alleen 'n dienskneg van God te wees en in alles 'n gelyke van die goeie engele.[11])

3. Verder word as vals afgewys die voorstelling asof die verlossing sou wees 'n voldoening van regsaansprake van die duiwel. Hoewel die mens as gevolg van die sonde, onder die mag van die duiwel gekom het, het die duiwel geen regsaansprake op hom nie, en hoegenaamd geen reg teenoor God nie.[12])

4. Hy weerlê die redenering dat die dood van Christus, die Godmens nie effektief sou gewees het nie, omdat hy mens was. Ieder mens is aan God gehoorsaamheid tot die dood toe skuldig. Die dood van Christus was dus eenvoudig plig. Hier teenoor stel Anselmus, dat

---

[7]) Cur Deus Homo (C.D.H.) Bk. I, hst. 1. Die woorde necessitas en ratio kom dikwels voor in hierdie boek. Necessitas wys op die objektiewe en ratio op die subjektiewe, logiese bestand van dinge. Objektiewe noodsakelikheid is subjektiewe redelikheid.

[8]) C.D.H. I:2.

[9]) C.D.H.I:3. 'n Vergesogte toespeling op die boom van kennis uit Gen. 3 as teenhanger van die kruis van Christus.

[10]) C.D.H.I:4.

[11]) C.D.H.I:5.

[12]) C.D.H.I:6. 7.

die sondelose Godmens verplig was tot onwankelbare handhawing van die geregtigheid en waarheid, maar dat hy as die sondelose nie verplig was om te sterwe nie. Die dood is gevolg van die sonde, dit behoor nie tot die oorspronkelik reine wese van die mens nie. Seer tereg lê Anselmus nadruk op die feit dat die dood van Christus nie 'n lot was nie maar 'n vrywillige daad.[13]) Nou staan Anselmus voor die eintlike probleem, die probleem van die sonde. Die mens is tot geluksaligheid in die hemelse stad geskape. Die geluksaligheid kan hy alleen bereik as hy sonder sonde is. Die sonde is egter algemeen en maak dit dus onmoontlik vir die mens om die geluksaligheid te bereik.[14]) Maar vroeër het hy reeds vasgestel, dat dit nie „betamelik" sou wees nie, dat wat God Hom van die mens voorgestel het geheel vernietig sou word en dat sy plan dus nie verwesenlik sou word nie.[15]) Slegs een weg bly oop. Noodsakelik vir die mens is die vergewing van die sondes om tot geluk te kom.[16]) Maar wat is sonde? En hoe kan die sonde vergewe word?

Ieder redelike skepsel is volkome onderwerping aan Gods wil skuldig. Dit is die eer van God. Wie hieraan voldoen is regverdig, wie nie sondig. Sonde is dus ontering van God, die berowing van sy eer. Op sigself is die eer van God onaantasbaar. Maar wat die mens betref eer iemand God as hy sy wil aan God onderwerp en omgekeerd onteer hy God as hy dit nie doen nie.[17]) Hierdie eerroof kan God nie duld nie. Hy moet sy eer handhaaf. Solang die mens nie betaal het wat hy geroof het nie staan hy skuldig. En dit is nie voldoende om slegs die geroofde terug te betaal nie. Vir die aangedane belediging moet hy ook betaal. Dus moet hy meer betaal as wat hy geroof het. Dit is die voldoening wat ieder mens aan God verskuldig is.[18]) Om die sonde te vergewe sonder enige betaling vir die ontroofde eer van God sou niks anders wees nie as om die sonde nie te straf nie en dit sou iets onordeliks in die ryk van God vrylaat.[19]) Die goddelike wêreldorde is 'n heilige, onverbreekbare wet, wat geen skending toelaat nie. Die straf van die sonde is dus herstel van die goddelike wêreldorde. Verder, as die sonde ongestraf vergewe word, val die onderskeid weg tussen sondaar en regverdige, wat nie met Godswese sou ooreenkom nie. As God ons beveel om hulle wat teen ons gesondig het volkome te vergewe lê daar niks teenstrydigs in nie, omdat God ons dit beveel sodat ons ons niks sou toeeien nie wat God alleen toekom.

---

13) C.D.H.I: 8—10, II: 10, 11, 16, 18.
14) C.D.H.I: 10.
15) C.D.H.I: 4
16) C.D.H.I: 10.
17) C.D.H.I: 15.
18) C.D.H.I: 11.
19) C.D.H.I: 12.
20) C.D.H.I: 12.

Dis sy prerogatief om vergelding te eis.[20]) — Seker 'n eienaardige redenering! Doen na my woorde, nie na my voorbeeld nie! —

Ons kom ook niks verder met 'n beroep op die almag, goedheid en vryheid van God nie. Die almag en goedheid en vryheid van God is aan sy wese gebonde. Dit betaam God nie, iets te doen wat in stryd is met reg en orde nie en dit behoor dus nie tot Sy vryheid of goedheid of gesindheid om die sondaar, wat Gode nie betaal, wat hy Hom ontneem het, ongestraf vry te laat nie.[21]) In die ordening van dinge moet, volgens die hoogste geregtigheid, wat niks anders is as God self, vir die sonde betaal word of moet dit gestraf word.[22]) Voldoening of straf is noodsakelik dus vir die handhawing van die orde en skoonheid van die heelal. Die wyse waarop die eer van God herstel word deur die straf, stel Auselmus so voor: soos die mens God deur die sonde beroof van wat Hom toekom, so ontneem God hom deur die straf die geluk wat hy kon besit het as hy nie gesondig het nie. Hierdeur bewys God dat die sondaar en al wat hy het aan Hom onderwerp is. Die eer van God is die onderwerping van die mens of uit vrye keus, of teen sy wil deur die straf.[23]) Ek kan my nie losmaak van die gedagte dat ons hier 'n tirannieke trek in die Godsbeeld van Anselmus kry. Hoe veraf staan ons hier van daardie God wat Jesus ons geopenbaar het toe Hy gesê het: „Hy wat My gesien het, het die Vader gesien."

Die betoog word hier onderbreek. Op eg skolastieke wyse wil Anselmus hier eers die vraag beantwoord waarom die getal van die gevalle engele uit die mensheid herstel moet word. Hy maak gebruik van tekste wat hy op eie wyse eksegetiseer.[24])

Teenoor Augustinus, wat van mening was, dat die getal van uitverkorenes net soveel sal wees as die getal gevalle engele, om die oorspronklike getal weer vol te maak, stel Anselmus vas dat die getal uitverkorenes groter sal wees as van die gevalle engele. Dit pleit vir sy goeie hart, maar tereg noem. Joh. A. Marck hierdie beskouinge snuffelagtige en ydele gissinge.

As hy terugkeer tot die punt waar hy afgedwaal het stel hy vas, dat God Hom voorgestel het om uit die mensheid die getal van gevalle engele te herstel, mense wat gelyk moet wees aan die goeie engele.[25]) Dis ondenkbaar dat hierdie Godsplan sou misluk. Wat God Hom van die mens voorgestel het sal Hy volvoer.[26]) Met die sonde moet daar dus 'n uitweg gevind word, daardie sonde waarvan die kleinste groter is as die hele skepping. Die mens kan hier niks doen nie. Al wat hy kan doen is hy reeds verplig om te doen al het hy nooit gesondig nie.

---

21) C.D.H.I: 12.
22) C.D.H.I: 13.
23) C.D.H.I: 14
24) C.D.H.I: 16—18.
25) C.D.H.I: 18, 19.
26) C.D.H.II: 4.

Ooreenkomstig die grootheid van die sonde moet die voldoening wees wat God eis,[27]) dus 'n oneindig grote voldoening. Die onmag van die mens is geen verontskuldiging nie, want vrywillig het hy gedoen dat waardeur hy in onmag verval het.

Slegs een uitweg bly daar oor. God self moet ingryp. Alleen die God-mens kan die voldoening breng waardeur die mens behou word.[28]) Waarom? Hy wat Gode vir die sonde van die mens betaal, moet meer wees as alles wat buiten God bestaan. Niks is meer as alles wat buiten God bestaan nie as God self. Dus kan alleen God self hierdie voldoening breng. Maar die mens is dit verskuldig en moet dit volbreng. Waar dit dus gaan om 'n voldoening wat God alleen kan volbreng en wat die mens verskuldig is om te volbreng, is dit noodsaaklik dat die God-mens dit volbreng.[29])

Die Christologie van Anselmus is in ooreenstemming met die oue kerkleer.[30])

Na sy menselike natuur moes die God-mens uit die geslag van Adam wees, om aan te sluit aan die bestaande menselike geslag. En dit was betamelik, dat hy uit 'n maagd gebore moes word. In die motivering hiervan kry ons 'n stukkie egte skolastiek. Op vier wyses kan God 'n mens skep, of uit man en vrou soos gewoonlik, of nog uit man nog uit vrou, soos Hy Adam geskape het; of uit die man sonder vrou soos Hy Eva geformeer het; of uit 'n vrou, sonder man, wat Hy nog nie gedoen het nie. Om nou te toon, dat ook hierdie wyse in sy mag is, is niks betameliker dan dat die God-mens sou gebore word uit 'n vrou sonder man.[31])

Op dieselfde skolastieke wyse stel hy vas dat dit die tweede persoon van die Goddelike wese was, wat mens geword het.[32])

Hierdie God-mens het net soos ons in alle dinge onder verpligting aan God gestaan. Alleen was hy nie onder verpligting om te sterwe nie, omdat hy sonder sonde was. Sy dood was 'n vrywillige daad.[33]) Hier kry ons nou die oplossing, die gesogte voldoening. En nou word dit feitelik 'n besigheidstransaksie tussen God en God-mens, tussen Vader en Soon. Die vrywillige dood van die God-mens moet beloon word.[34]) Aan die Soon kan geen wedervergelding geskied nie want Hy besit alles wat die Vader besit. Hierdie vergelding moet dus ander ten goede kom anders bly die dood van Christus sonder effek. Aan wie, sê Anselmus, sal hy gepaster die vrugte en die vergelding van sy dood toeken, dan aan hulle vir wie se verlossing — soos die redelike

---

27) C.D.H.I : 21.
28) C.D.H.II : 6.
29) C.D.H.II : 6.
30) C.D.H.II : 7.
31) C.D.H.II : 8.
32) C.D.H.II : 9.
33) C.D.H.II : 10, 11.
34) C.D.H.II : 19.

insig in die waarheid ons geleer het — hy mens geword het en aan wie hy sterwende 'n voorbeeld van sterwe om die geregtigheid gegee het.[35])

God stoot niemand wat tot Hom kom in die naam van hierdie Godmens af nie, as hy kom soos die Heilige Skrif dit leer.

Die barmhartigheid van God gaan op hierdie wyse nie verlore nie. Wat kan 'n mens hom barmhartiger denk dan wanneer God die Vader tot die sondaar, wat tot die ewige straf veroordeel is en niks het om hom vry te koop nie, sê: „Neem my Eniggeborene en betaal vir u." En die Soon self sê: „Neem my aan en koop u vry."[36]) 'n Barmhartigheid wat staan op die betaling van die laaste penning! —

Vir die gevalle engele is daar geen versoening nie, omdat by hulle geen eenheid van afkoms is nie en hierdie voorwaarde dus ontbreek wat vir die mensheid die verlossing moontlik gemaak het.[37])

Reeds is gewys op die groot betekenis en verdienste van Anselmus. Verreikend was die invloed van sy werk; deur die versoeningsteorieë van die 17de eeu heen tot in die lydingsprediking van onse tyd.

Ons wil niks afdoen van die groot verdienste van Anselmus nie. Treffend is die toon van aanbidding en verwondering oor die weë van God wat sy werk kenmerk. Tog bevredig sy teorie nie die diepste behoeftes van die hart nie. Daar is iets uitwendigs, iets meganies in die hele opvatting. Dit raak uitwendige verhoudinge maar nie die kern van die religieuse lewe nie.

Ons wil ook nie te veel nadruk lê op sy naïewe logika nie. Hy was skolastikus en kind van sy tyd. En die logika het maar alleen betrekking op die formele van sy beskouinge.

Ek wil slegs wys op enkele besware wat hoofsake betref. Sy sonde-beskouing is onbevredigend. Hoeveel nadruk hy ook al lê op die sondeskuld, op die erns, die gewig van die sonde, raak sy beskouing nie die diepste wese daarvan nie. Seker sonde is die onordelike in die skepping, dit is ongehoorsaamheid, ontering van God, maar dit is meer openbaringsvorme van die sonde. Die wese daarvan lê veel dieper. As ons tot uitgangspunt neem die grondfeit van die christelike godsdiens, die geloofsverhouding tot God, die lewensgemeenskap met Hom, dan volg daaruit dat die sonde na sy wese dat is wat hierdie lewensgemeenskap verbreek en verhinder, dat wat skeiding maak tussen God en mens nl. ongeloof. Die reformatore het dan ook met nadruk op die ongeloof gewys as die wese van die sonde. Die Heer Jesus sê, die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde, omdat hulle in My nie glo nie. Joh. 16:9. Kierkegaard sien dan ook as die innigste in die sonde, die bron en toppunt van alle kwaad, die siekte tot die dood,

---

35) C.D.H.I: 19.
36) C.D.H.II: 20.
37) C.D.H.II: 21

die wanhoop, die uiterste vorm van ongeloof. Skuld wat opkom uit gebrek aan liefdevolle vertroue, uit ongeloof is iets anders as enkel persoonlike belediging. Die sonde begrip van Anselmus is meer moralisties as religieus.

Veel groter beswaar teen Anselmus geld sy Gods-beeld. God is die trascendente, Sy wese, Hy self, is 'n koue, abstrakte geregtigheid, wat feitelik dieselfde is as 'n onverbiddelike natuur orde, deur en deur on-Nuwe Testamenties. Ons hoor feitelik niks van die liefde van God nie. Dit is of die woord: „God is liefde" nie bestaan nie. Wel word van sy barmhartigheid gesproke, maar 'n barmhartigheid wat betaling van die laaste skuld eis.

Hierdie God tree in verband met die versoeningswerk geheel en al deisties op. Hy mag die initiatief geneem het en die stoot daaraan gegee het, maar daarna het hy Hom teruggetrek as toeskouer en eiser. Christus alleen moet die voldoening bewerkstellig en as Hy dit volbring het dan aksepteer God dit as voldoening vir die Hom aangedane belediging. God self word nie gesien as die subjekt, nie alleen van die begin, maar van die gehele versoeningswerk nie. Hierdeur word feitelik die „Eenvoudigheid" van Gods wese, die „Simplicitas Dei" verbroke en kry ons in 'n ander vorm weer die oue gnostieke spanning tussen die God van geregtigheid en die God van liefde, wat in die dualisme van Marcion sy hoogtepunt bereik het.

Iets van hierdie spanning kry ons in Gesang 125

> Rechtvaardigheid hield aan om straf,
> Genade dong om vry geleide,
> Hier trad Gods wysheid tusschennbeide,
> Die z'allebei voldoening gaf.

Ons kry die onbybelse voorstelling, dat die beledigde God versoen moet word deur die dood van Christus terwyl Paulus leer: „dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het," en „Ons bid julle om Christus ontwil. Laat julle met God versoen." 2 Kor. 5:19, 20.

Ook die Christus-beskouing van Anselmus laat veel te wense oor. Die dood van Christus word geisoleer, geheel en al losgeruk van sy lewe. Geen enkel woord oor die Christus gestalte soos ons Hom ken uit die Nuwe Testament nie, oor Sy prediking, Sy stigting van 'n Godsryk op aarde, Sy disipelekring, wat Hy rondom Hom vergader het, Sy opdrag aan hulle! Ons hoor alleen van 'n Godmens wat moes sterwe. Waar ons God self nie sien as die subjekt van die hele versoeningswerk nie kom ons in onse christologie tereg by Arius.

Die kern van die versoeningsleer lê vir my hierin dat die liefde van God in Christus vir die mens 'n verlossingsweg geopen het, redding uit ondergang, vergewing van sonde. In die kruis sien ons die triomferende liefdewil van God, wat langs die weg van volkome selfower-

gawe in Christus 'n nuwe situasie geskep het in die verhouding tussen God en mens, waardeur 'n nuwe mensheid tot stand kan kom, in geloof en dankbare liefde verbonde met God.

Dit is geen patripassionisme nie. Die verhouding van God en Christus moet nie as iets fisies opgevat word nie. Die eenheid van Christus met God is 'n sedelike geestelike eenheid, die eenheid van hart, wil, gesindheid, sodat Hy kon sê „Hy wat my gesien het, het die Vader gesien."

Die teologie het ongelukkigerwyse te veel onder die invloed van die wysbegeerte gestaan, in die oue kerk onder die invloed van 'n naturalistiese metafisika, waardeur godsdienstige waarhede dikwels meer verduister as opgehelder is.

Ek eindig met 'n aanhaling uit Brunner: „Der Übel Grösstes aber ist die Schuld" — wat we verkeerd gedaan hebben, laat zich niet meer goed maken. Wij hebben er geen macht meer over. Het hoort tot het verleden—in alle eewigheid".... Maar „Stel u eens voor, dat een knecht in een roes, de voorraadschuur van zijn meester in brand gestoken heeft. Nu is die knecht met alles wat hij heeft aansprakelijk voor de schade. Maar hij kan het niet betalen. Nu zou die heer alles wat die knecht heeft, zijn kleeren, schoenen, zijn loon, voor zich kunnen nemen en zeggen: Het is toch immers maar een klein deel van wat hij mij eigenlijk schuldig is. En laat hy nu maken dat hij me nooit meer onder mijn oogen komt, de schurk. Maar nu doet hij dat alles niet, hij neemt hem niets af, hij houdt hem bij zich in dienst en zegt: ik zal de schade wel zelf op me nemen. Ik zal zelf alles betalen. Dan gaan den knecht wellicht de oogen open, dan merkt hij wat voor een goede meester hij heeft.

Zoo heeft God met ons gedaan in Jezus Christus. Hij heeft alles op zich genomen, om ons te laten zien, hoe lief Hij ons heeft. Hij heeft alles zelf betaald; Hij heeft zelf de vloek van de zonde gedragen, die wij hadden moeten dragen. Jezus is aan het kruis gekomen omdat de menschen niet konden verdragen, dat God zoo dichtbij was. En juist doordat Jezus zich liet kruisigen, is God nog dichterbij gekomen en is tegelijkertijd nog duideliker geworden, hoe ver de menschen van God af zijn. Het handschrift dat tegen ons getuigt, is ons daar duidelijk getoond — voor iedereen leesbaar, ons doodvonnis. En tegelijk is het toen vernietigd: God heeft u niettegenstaande dat alles lief. De Zoon Gods moest door dit verschrikkelijke heen om werkelijk ons te bereiken. Dit alles moest gebeuren, dat wij menschen God en ons zelf zouden kunnen zien: God in zijn liefde, en wij in onze goddeloosheid. Zonder het kruis van Golgotha zouden wij niet weten, hoe het met ons staat, en ook niet hoezeer God ons liefheeft. Daar is God en de mensch in één persoon te zien, de mensch in zijn ellende en zijn verlorenheid en Gods nabijheid en onbegrijpelijke liefde. Jezus aan

het kruis openbaart ons tegelijk onszelf en God. En daarmee doet Hij de grootste daad, die ooit gedaan kon worden. Hy brengt den mensch weer tot God. Hij bewerkt „de verzoening door Zijn bloed." Zooals een moeder haar verloren kind naloopt, tot in al zijn ellende, tot in het verval en de schande waar het in geraakt is — zoo is God in Jezus Christus tot in ons verval en onze schande ingegaan, om geheel bij ons te zijn. Daarom is Jezus de gekruisigde, de beloofde „God met ons" of „Immanuel," en Golgotha de plaats in de wereld waar wij beter dan ergens anders op de wereld het geheim van de goddelijke liefde kunnen zien." [38])

J. H. GREYVENSTEIN.

---

[38]) Emil Brunner: Ons Geloof — Vertaling E. Franken-Lufrinck. N.V. Boekhandel W. ten Have, Amsterdam, pp. 99, 102-104.